

## UIT ONS VERGADERING VAN DIE SINODALE DIENSRAAD 12 – 13 AUGUSTUS

1. Ons vergadering is in die **Struwig Eko-Reservaat** gehou. Hierdie plaas, wat grens aan die Krugerwildtuin, is aan die NG Kerk geskenk vir die geestelike opbou van ons jeug en ons lidmate. Hierdie pragtige terrein is sedertdien toegerus met wonderlike fasiliteite en dit was 'n voorreg om vir twee dae hier te kon vergader. Ons sal die omgewing waar ons vergader het langs die Olifantsrivier waar die diere kom water drink het, die wildehonde se vangs voor ons oë en die kuiers om die kampvuur nooit kan vergeet nie. Dit was 'n voorreg om hier heel oggend stil te word rondom die Woord en te besin oor die toekoms van die kerk en die rol van bekering in ons kerk.
2. **Die leraars in ons sinode** bly steeds 'n prioriteit vir die Diensraad en daar is breedvoerig gepraat oor die uitdagings wat sommige leraars en gemeentes het. Die besoeke aan leraars in Ringsverband verloop baie goed. Die evaluering van hierdie ontmoetings wat reeds plaasgevind het, is baie positief en leraars getuig van nuwe inspirasie en toewyding aan hulle roeping en aan hulle gemeentes. Afsprake is reeds vasgemaak met die Ring van Elarduspark (29 Oktober), die Ring van Lydenburg (9 September), die Ring van Laeveld (18 November) en die Ring van Silverpark (30 Oktober). Bid asseblief saam met ons vir hierdie spesiale geleentheid.
3. Die gesprekke met leiers van **Moreletapark gemeente** gaan voort in die lig daarvan dat hulle kerkraad besluit het om eers verder te praat voordat hulle 'n finale besluit neem.
4. Daar is ook breedvoerig besin oor die toekoms van **teologiese opleiding** en daar is kennis geneem dat die komende Algemene Sinode hierdie saak ook op hulle agenda het. Daar is ook besluit om uit te reik na ons teologiese dosente om hulle te ondersteun.
5. Baie tyd is spandeer om te praat en te bid oor die toekoms van ons kerk en om te besin oor die belangrikheid van die **Algemene Sinode** vanaf 6-11 Oktober. Ons sinode se afvaardiging is gefinaliseer en die sinode se stukke sal binnekort aan hulle besorg word. Daar is besluit om weer soos in die verlede 'n inligtingsgeleentheid te reël om saam voor te berei en te bid vir die komende sitting. Hierdie geleentheid vind plaas op Saterdag 14 September.
6. Op versoek van gemeentes is 'n **Beskrywingspunt** oor die Doop-beskouing gestuur vir opname in die agenda van die Algemene Sinode.
7. Op 2 November vier ons as Oostelike Sinode ons **veertigste verjaarsdag**. Daar gaan 'n kort video gemaak word wat hierdie Sondag in al die gemeentes vertoon kan word ter viering van ons verjaarsdag.

**Dirkie van der Spuy**